

7 April

Skrifgedeelte: Sagaria 3
Fokusgedeelte: Sagaria 3:7 (1933/53-vertaling)

Maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Sagaria sien in die vierde gesig vir Josua, die hoëpriester, as aangeklaagde voor die Engel van die Here staan. Satan kom met 'n onweerlegbare klag waarteen geen verweer ingebring kan word nie! En tog ... die uitspraak bring vryspraak. Ja, op 'n wonderlike manier, sonder enige verdienste van sy kant, is Josua as hoëpriester, verteenwoordigend van die volk (die kerk), vrygespreek!

'n Herstelde koninkryk van priesters (Eks. 19:6) kan Josua en die volk weer wees. Vir óns is dit alleen danksy die skuldversoenende lyding van onse Here Jesus Christus dat óns ook 'n priestervolk vir God kan wees (1 Pet. 2:9, 10). Hiermee leef egter die vraag: Sou dit nie vir Josua en die volk maar net die begin wees van die volgende verval nie? Of soos die Kategismus in Vraag 64 dit vra: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie? ... sorgelose en goddelose mense? Ons is tog nou vrygespreek en met skoon klere geklee? Nee, geensins nie, want uit die verdere verloop van die visioen volg duidelik dat alleen in die weg van gehoorsaamheid en getroue vervulling van hulle priesteramp, sal die heerlike beloftes van God in vervulling gaan.

Die Engel van die HERE verklaar nadruklik in vers 7: “AS jy in my weë wandel en AS jy my verordeninge onderhou, DAN sal jy my huis bestuur en my voorhowe bewaak, en Ek sal jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan.” Die vryspraak bring die kerk dus aan boord waar daar bepaalde pligte uitgevoer moet word. Die twee AS'e word aan Josua en sy vriende gestel (vs 7a), naamlik dat hulle in die weë van die HERE moet wandel. Die HERE eis van hulle dat hulle in hul persoonlike lewe getrou sal wees en hulle ooreenkomstig sy wil sal gedra. En verder moet hulle die verordeninge van die HERE onderhou; dit beteken hulle moet hulle ampswerk met getrouheid en in gehoorsaamheid aan die Woord volbring.

As deel van die herstellende volk van God lê die verantwoordelikheid tot aktiewe betrokkenheid en meewerk as plig op ons skouers. Nie as voorwaarde waardeur ons die hemel verdien nie, maar dit volg duidelik op die skulduitdelging in die eerste deel van die hofuitspraak van die naggestig. Wie gewortel is in die vrugbare grond van die soenverdienste van Christus, sal ook vrugte van dankbaarheid dra (Rom. 12:1). Hiermee kom die heerlike beloftes ná volharding: Dan mag hy weer “die huis van die HERE bestuur ... en Ek sal jou vrye toegang verleen ...” om so uiteindelik in die vrede van die nuwe aarde te mag deel!

Sing: Psalm: 66:7 (1936)

Ds. JE (Blok) Franck (Ladysmith)